# e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

**3 Maart 2011**
**Jaargang 4 – Uitgawe 5**


## In hierdie uitgawe


- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Advertensies
- Agterblad
- Aanhangsel


**Teken in op *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!**

- Besoek die webwerf by **www.hervormer.co.za** en kliek op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

# VOORBLAD

## Hoe lyk 'n dissipel van Jesus?

**Hierdie vraag het Chip Ingram van *Walk thru the Bible* vyf jaar gelede vir homself en 'n groep pastors gevra. Hulle het ge-h'm en ge-ha, en naastenby iets gesê soos *'n dissipel volg vir Jesus.* Dit het egter nog nie gesê wat die sigbare kenmerke van 'n dissipel is nie.**

As daar iets soos 'n *dissipelmeter* sou bestaan wat begin bewe as daar *dissipelgedrag* in die omtrek is, wanneer sal dit afgaan?

Ingram het begin studeer, en die resultaat was sy boek *Living on the Edge* en 'n ses-weke-veldtog wat hy *r12* noem, omdat dit op Romeine 12 gebaseer is. Paulus gee vir ons in Romeine 12 vyf kenmerke van 'n dissipel van Jesus. Dit word sigbaar in die volgende vyf belangrike verhoudings waarin enige gelowige lewe:

1. My verhouding met God. Romeine 12: 1 leer my: *Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesenlike van die godsdiens wat julle moet beoefen.* Jy ken dissipels van Jesus uit daaraan dat hul hele lewe aan God oorgegee is. Alles wat jy is en het en doen, is aan God toegewy.
2. My verhouding met die waardes van die wêreld. Romeine 12: 2 sê: *Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is.*
3. My verhouding met myself. Romeine 12: 3-8 praat oor hoe ons oor onsself moet dink. *Moenie van jouself meer dink as wat jy behoort te dink nie. ...al is ons baie, in Christus* (is ons) *een liggaam, en almal afsonderlik lede van mekaar. Ons het genadegawes wat van mekaar verskil...* Dissipels van Jesus dink nie te veel of te min van hulself nie, maar het 'n nugtere evaluering van hul sterk- en swakpunte.
4. My verhouding met ander gelowiges word gekenmerk deur egte gemeenskap wat sigbaar word in liefdesdiens. Daaroor praat Romeine 12: 9-16.
5. My verhouding met ongelowiges wys die unieke van Jesus se dissipels duidelik. Hulle reageer op 'n *bonatuurlike* manier op die kwaad wat teen hulle gemik is. Romeine 12: 17-21 leer my: *Moet jou nie deur die kwaad laat oorwin nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie.*

Vyf kernverhoudings waarin dissipels se kenmerkende gedrag sigbaar word – mooi saamgevat in een Bybelhoofstuk. Dit is nie vereistes om deur God aanvaar te word nie; ook nie 'n nuwe lysie godsdienstige aksies wat hulle moet uitvoer nie. Dit is hoe 'n dissipel se lewe lyk wanneer dit as 'n lewende offer in verhouding met ons Hemelse Vader geleef word.

Ek wonder of dié *dissipelmeter* sal afgaan as dit naby my kom? Sal die naald spring as dit langs my lewe gehou word? By my gesinslewe, my wyk, ons erediens en al die ander dinge waarmee ons ons in die Kerk besig hou?

Hoe lyk 'n dissipel van Jesus? Gaan lees Romeine 12.

**Ds Gys Els, Brackenhurst**

## Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhk.co.za**
*Die Hervormer* **www.hervormer.co.za**
*e-Hervormer* **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, kliek op **www.hervormer.co.za/cancel.html**

# BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhk.co.za** te plaas. Onthou asseblief dat ’n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Fanie Pretorius by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Dr Jan Vorster

Ds Pierre Roets

## Beroep ontvang

- **Dr Jan Vorster** van Verwoerdburg (deeltyds) na Olifantsfontein (deeltyds)
- **Ds Pierre Roets** van Springs-Oos na Windhoek

## Beroep bedank

- **Ds Marthinus van Staden** van Gaborone na Montana

Ds Marthinus van Staden

# PREDIKANTE EN GEMEENTES

- **Dr Hennie van Deventer** (emeritus) het die afgelope week ’n oogoperasie ondergaan. Ons wens hom sterkte en spoedige beterskap toe.

- **Ds Kerneels (Makwas) van Niekerk** (emeritus) beleef ook probleme met sy oë. Sy sig verswak steeds en hy bestuur nie meer op openbare paaie nie. Tog hou hy hom steeds elke dag met sy boerdery besig, en sy liggaamskragte is nog baie goed.

- **Die volgende predikante verjaar van 3 tot 11 Maart**, en word hartlik geluk gewens.

  | | |
  |---|---|
  | o Donderdag 3 Maart: | Ds Faan Visser (siekte-emeritaat) |
  | o Vrydag 4 Maart: | Di Johann Mouton (Ventersdorp) en Johan Smit (emeritus) |
  | o Saterdag 5 Maart: | Ds Jasper van der Westhuizen (Hendrina/ Breyten) |
  | o Sondag 6 Maart: | Ds Mariaan Delport (Sionspoort) |
  | o Maandag 7 Maart: | Dr André Botma (Pretoria-Tuine) en ds Deon du Toit (Verwoerdburg) |
  | o Dinsdag 8 Maart: | Dr Johan Steenkamp (Montana-Oos) |
  | o Woensdag 9 Maart: | Di Koos Engelbrecht (emeritus), Carl Potterill (Polisiekapelaan) en Louw van der Linde (Meyerspark) |
  | o Donderdag 10 Maart: | Di Thomas Dreyer (Wapadrant) en Hardie Kotzé (Schweizer-Reneke) |
  | o Vrydag 11 Maart: | Dr Malan Storm (Meyerspark) |

- Prof Bieks Beukes vertel dat tannie **Ann Kay van Gemeente Durban-Suid** op Sondag 11 Februarie 89 jaar oud geword het. Sy is die **moeder van ds Jan Kay** van Vryheid, en sedert 1976 diaken in haar gemeente. Sy is reeds 45 jaar ononderbroke diaken in die Kerk, en waarskynlik een van die eerste vrouediakens in die Hervormde Kerk. Tannie Ann is met elke erediens in die kerk, by elke vergadering en byeenkoms teenwoordig, en gaan elke maand deur haar wyk. Is tannie Ann die oudste diaken in die Kerk? Is daar ’n vrouediaken wat al langer in die bediening is? Is daar ’n ouderling wat ouer as tannie Ann is? Laat weet prof Beukes gerus by **bieks@labas.co.za**.

- Nadat hulle lank sonder ’n eie predikant was, het **Gemeente Olifantsfontein** besluit om weer ’n predikant in deeltydse hoedanigheid te beroep. **Dr Jan**

**Vorster**, deeltydse predikant van Verwoerdburg, wat die gemeente reeds geruime tyd bystaan, is beroep. Alhoewel klein in getal, kon die gemeente nog deur die jare hul eie standplaas bekostig sonder enige finansiële subsidie van die Kerk. Die gemeente het ook deel gehad aan die daarstel van die kerkgebou vir en die vorming van Gemeente Midstream, wat onder leiding van dr Gerhard Lindeque van krag tot krag gaan.

- Predikante en lidmate van die Kerk is deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV) geïdentifiseer om die **berading van predikante en hul gesinne** te behartig. Hierdie groep **beraders** het op 1 Maart in Pretoria onder leiding van prof Theuns Dreyer in 'n werkwinkel byeengekom. Annemie van Zyl het die werkwinkel aangebied.

- Die **Proponentseksamen** van die 2010 finalejaar teologiestudente vind plaas op **7 Maart** onder leiding van die Proponentseksamenkommissie. Ds Leon Geel is tans voorsitter van dié Kommissie. Die proefpreke is reeds in 2010 afgehandel en die studente het ruim tyd gehad om in gemeentes te preek. Kandidate wat die eksamen slaag, sal op Donderdag 10 Maart met die Kommissie van die AKV in gesprek tree met die oog op toelating tot die evangeliebediening dieselfde aand in die kerkgebou van Gemeente Pretoria. Die erediens tydens die **legitimasieplegtigheid** word gelei deur dr Wouter van Wyk, vader van student Wouter van Wyk. Die seremonie vir die toelating tot die evangeliebediening word waargeneem deur die viseskriba, dr Wim Dreyer, vader van student Petrus Dreyer. Die proponente word by dieselfde geleentheid beroepbaar gestel in die Kerk.

- Ds Gerrie Senekal het laat weet dat die inligting in verlede week se *e-Hervormer* oor die **ringsvergadering van Zeerust** foutief is. Die vergadering vind om 09:30 op **12 Maart by Gemeente Zeerust** plaas, en nie op 21 Mei by Groot Marico nie.

- **Ds Hendrik Odendaal** van Gemeente Rietvallei se e-posadres het verander. Die nuwe adres is **hendrik.j.Odendaal@gmail.com**. Verander gerus die besonderhede op bl 22 van die 2011 *Almanak*.

- Ds Hennie van der Linde van **Gemeente Vliegepoort in Thabazimbi** het laat weet dat hul Telkom-lyne deur diefstal beskadig is. Kontak die gemeente intussen deur 071 681 0986 te skakel.

- Die **Voortgesette Teologiese Toerusting vir Predikante** (VTT) word op **7 en 8 Junie** en **8 en 9 November** aangebied. Die tema is *Toekoms, Kerk en waagmoed*. Die kursus, wat om 09:00 begin, word weer by Gemeente Villieria aangebied en die koste beloop R300 per persoon. Predikante wat die VTT in Junie wil bywoon, moet mev Betsie Brits **voor 23 Mei** per e-pos (**betsie.brits@up.ac.za**) of per faks (012 420 4303) in kennis stel. Die registrasiefooi moet verkieslik vooraf elektronies of per bankdeposito inbetaal word, in die volgende rekening: Kerkgeld vir Kerkwerk; ABSA; rekening nr 020 149 752; kode 63 20 05; verwysing 2013K VTT (gevolg deur die naam van die kursusganger).

  Die kursusgangers word genooi om **op 7 Junie om 18:00** 'n funksie by UP by te woon waartydens die **HTS Feesbundel** aan prof Andries van Aarde oorhandig sal word. By die geleentheid sal **Lina Spies** 'n lesing lewer oor haar *digkuns en om soeker te wees*; daarna sal daar 'n vingerete wees. Persone wat die funksie wil bywoon, moet mev Brits so gou moontlik by 012 420 5393 skakel, sodat die gastelys saamgestel kan word.

- **Preekbeurte in Dullstroom.** Predikante kan nog **tot April** vanjaar by Gemeente Dullstroom preek en gratis verblyf vir die naweek kry. Die verblyf is vir die predikant en sy/haar gade en 'n voorskoolse kind. Vir ander kinders moet self betaal word. Kontak Johanna by **nhkdullstroom@yahoo.com** of 072 116 3353.

- **Gemeente Wonderboompoort** beskik oor **studenteblyplek in Eloffsdal**, Pretoria. Kamers met gesamentlike badkamer teen R900 per persoon wat deel, R1 500 per enkeling. Kamers met en suite badkamer en stoorkamer teen R1 200 per persoon wat deel, R2 000 per enkeling. Water en ligte en veilige parkering is ingesluit. Dit is op 'n busroete, 5 km vanaf Kerkplein, 2 km van die Eugene Marais-hospitaal, naby die universiteite. Kontak Johan by 082 212 2137.

- In die voetspore van die eerste Christene: **Toer na Egipte en Turkye** van **18 April tot 2 Mei 2011** onder leiding van **ds Martin Slabbert**. Besoek die webwerf by **www.indievoetspore.co.za**, of kontak ds Slabbert by 082 655 4787.

- **Toer na Griekeland (hoofland) en Turkye** en geniet 'n 3-dae-bootvaart na die Griekse eilande. Van **28 Junie tot 12 Julie 2011**. 'n Demo-film sal van die reis gemaak word vir 'n moontlike televisiereeks. Kontak **ds Larry van der Walt** by 082 666 0261 of **larry@newtestament.co.za**. Besprekings moet verkieslik voor die einde van Februarie gedoen word.

- Van **26 tot 30 September 2011** lei **dr Hennie van Deventer** die **2011 *Konteks*-toer** na die sentrale en noordelike dele van die Laeveld. Ontdek opnuut die Krugerwildtuin, 'n syplaas en 'n teeplaas, die Modjadji-reënwoud en asemrowende kamelias en azaleas. Skakel dr Van Deventer (toerleier) by 082 786 8448 of Marius Wiese (toergids) by 082 374 2995.

## Spesiale eredienste en feesnaweke

- **Gemeente Rooihuiskraal** hou op **Sondag 6 Maart** om 09:00 'n **sangdiens** waartydens Rudi Muller as kunstenaar optree. Rudi stel sy nuwe album *Deurbraak* bekend. Die tema van die sangdiens is *Sy Naam is Jesus*, wat aansluit by die lied met dieselfde titel. Almal is welkom om die diens by te woon. Skakel ds Jaco Vogel by 082 788 4877.

- Op **Sondag 13 Maart** bring **ds Jan-Harm Barkhuizen** van die Werkgroep vir Gestremdes 'n besoek aan **Gemeente Sasolburg**. 'n **Erediens in gebaretaal** word aangebied met visuele hulpmiddels (gebare en 'n DVD van die Liedboek). Kontak Bernette van Straaten by 016 976 4903 of 082 445 6732. Die erediens begin om 09:00. Ds Barkhuizen is predikant in Gemeente Weskus, en kan gekontak word by 073 217 6929 of **harm@nhk.co.za**.

- Die naweek van **15 tot 17 April** vier **Gemeente Volksrust** sy **150ste bestaansjaar**. **Vrydag 15 April:** Feesbasaar. **Saterdag 16 April:** Voorbereidingsdiens en formele ete. **Sondag 17 April:** Nagmaaldiens, Dankseggingsdiens en vingerete. Stuur dokumente, foto's en staaltjies aan die gemeente. Kontak **ds Paul Buitendag** by **buitendagp@telkomsa.net** of 082 853 8900.

- **Gemeente Germiston** vier die naweek van **27 tot 29 Mei** sy **eeufees**. Die Kommissie van die AKV sal by die geleentheid groete en gelukwense oordra. Alle voormalige lidmate word genooi om die feesvieringe by te woon. Kontak ds Johan Ayres by **johanayres@absamail.co.za** vir meer inligting.

## Konserte

- **Saterdag 12 Maart om 19:00: Gemeente Johannesburg-Wes**
  **Orreluitvoering**
  Op 3-manuaal Ganser-orrel met 1 400 sprekende pype
  Orrelis Marten van Wyk en soliste
  R50 vir volwassenes, kinders onder 10 gratis
  Kerkgebou naby Westdene-dam, in Tenbystraat, agter stadion van UJ
  Verversings na die uitvoering
  Skakel Paul Bester by 083 241 5002

- **Saterdag 19 Maart om 13:00: Gemeente Noordrand**
  Gasspreker en kunstenaar Susan Coetzer en Philip Moolman
  Tema: *Soetgoed vir die gesin*
  Kaartjies R70 per persoon (sluit verversings in)
  Kontak Anette Coetzee van die NHSV by 084 500 3989

- **Sondag 20 Maart om 14:30: Gemeente Erasmia**
  Tjellis Ha!Man (Francois le Roux)
  Kom beleef spontane kreatiewe energie op sy beste!
  By Gemeente Swartkop, Irelandlaanverlenging, Eldoraigne
  R50 per volwassene en R35 per skolier
  Skakel 072 563 7821 of 072 286 7944 vir meer inligting en besprekings
  of e-pos **marilene.heunis@gmail.com** of **magdaf@etana.co.za**

- **Woensdag 30 Maart om 19:00: Gemeente Klerksdorp**
  Luister na Juanita du Plessis in die Ouditorium
  Kaartjies R90 per persoon
  Bespreek by Music Addiction in Flamwood Walk (018 464 2280)

- **Vrydag 16 September: Gemeente Klerksdorp-Wilkoppies**
  Kurt Darren
  Vanaf 19:00 by die rugbyveld van Wesvalia-skool
  Eerste 250 kaartjies naby verhoog R100 elk; res R80 elk
  Kaartjies by Maranata-grasdakke, Vleistraat 50
  Kontak 018 468 3769 of 083 449 9907, of George Foley by 083 750 0699

## Sportbyeenkomste

- **Saterdag 19 Maart: Gemeente Mafeking Gholfdag**
  Leopard Park-gholfklub
  Neem deel en wen ’n prys
  Borge welkom
  Kontak Pokkels Ackerman by 082 555 0683 of **sheriffmolopo@hotmail.com**

- **Saterdag 28 Mei: Gemeente Derdepoort Gholfdag**
  Mooipoort
  *American Scramble* 4 x 2-bal
  Spelers en borge welkom
  Kry meer inligting by **mej@mweb.co.za**

## Ander kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Alberton-Wes: Bome te koop**
  Koorsbome, soetdoringbome en vaderlandswilgers teen R100 per boom
  Reeds ongeveer 2-3 meter hoog
  Kontak ds William Harmse by 082 493 6715

- **Gemeente Rustenburg: Wynveiling Vrydag 4 Maart om 18:30**
  In kerksaal
  Kaartjies teen R100 per persoon of R1 000 per tafel, verversings ingesluit
  Kontak Mari Wieneke gedurende die oggend by 084 208 7445

- **Gemeente Tzaneen: Jagkompetisie**
  R100 per kaartjie, trekking van wenkaartjies 5 Mei
  1ste prys: 1 eland, 2 rooibokke, 2 nagte akkommodasie vir 2 jagters en 2 nie-jagters by Tranquil Nest tussen Alldays en Pontdrift
  2de prys: 1 koedoe, 2 rooibokke, ’n vlakvark, 2 nagte by Plaas Keerom, Mooketsi, Limpopo vir 6 persone waarvan 2 jagters is

3de prys: 1 blouwildebees, 2 rooibokke, 'n vlakvark, 2 nagte by Plaas Keerom vir 6 persone waarvan 2 jagters is
Troosprys: 2 broodbome
Kontak ds Richard van der Westhuizen by 072 144 7514
of Emmarentia by 015 307 4508

## Basaars en markte

- **Vrydag 11 tot Saterdag 12 Maart: Gemeente Bronkhorstspruit: Basaar**
  *Vrydag Braairestaurant*
  300 g biefstuk met skyfies en slaai @ R70 per persoon
  Etes vir kinders @ R35
  *Saterdag sportkaperjolle*
  Pret, kos, vleis – proe die heerlike wors wat landwyd bekend is
  Kontak gemeente by **nhbhs@telkomsa.net** of 013 932 2929

- **Saterdag 30 April: Gemeente Greylingstad: Basaar**
  Klein plaasgemeenskap met vleis as groot aantrekkingskrag
  Kontak Casper Pieters by 082 493 9872

- **Saterdag 7 Mei: Gemeente Delareyville: Genl Delareyfees**
  Goewermentstraat 31, Delareyville
  Met Bobby van Jaarsveld
  Toegang gratis
  Kompetisie R100 per kaartjie
  Wen bul en 10 topverse; of 5 topverse; of bootvaart na Portugese Eilande
  Kontak Ben van der Ryst by 082 372 7035 of Attie Hattingh by 082 770 6862

- **Saterdag 28 Mei vanaf 08:00: Gemeente Schoemansdal: Bosveldbasaar**
  Hoofkunstenaars Jay van Eden en Steve Hofmeyr
  Gratis vertoning, meer as genoeg kos
  Kontak 012 253 0146 (08:00 tot 13:00) of 083 536 1430

- **Saterdag 4 Junie vanaf 09:00: Gemeente Kathu: Kameeldoring-karnaval**
  Met Kurt Darren
  Kompetisie R100 per kaartjie
  Wen 7-voet Venter-waentjie; dubbeldeur yskas-vrieskas-kombinasie; patio-gasbraaier; Sony Playstation 3; of potspeltafel
  Kontak Rita Kern by 083 328 4465, Buna Schmulling by 082 463 8367
  of ds Joseph Steÿn by 084 502 4829

# ANDER NUUS

Dr Wim Dreyer

- Die **Kommissie van die AKV** kom op Vrydag 4 Maart en Saterdag 5 Maart in 'n **werkwinkel** byeen. **Prof Theuns Dreyer** sal praat oor diversiteit, **dr Daan van Wyk (sr)** oor modaliteite, rigtings en groepe in die Kerk, en **dr Wim Dreyer** oor eenheid en diversiteit in die Kerk. Die Kommissie beoog om baie meer tyd in die volgende drie jaar te bestee aan aangeleenthede van kerklike en teologiese aard ten einde konstruktief leiding in die Kerk te gee. Die feit dat klagsake nou deur die Sekunduskommissie hanteer word, skep geleentheid vir die Kommissie om hul werk anders te beplan en ten uitvoer te bring. Heelwat van die Kommissie se tyd word steeds in beslag geneem deur administratiewe sake wat deur die Kerkorde op hul weg gelê is.

- Die Kommissie van die AKV sal by hul vergadering op 10 en 11 Maart onder meer die vulling van die pos van **Hoof van die Hervormde Teologiese Kollege** behandel. Die pos word sedert sy instelling behartig deur prof Theuns Dreyer. Prof Dreyer tree in Desember 2011 af, maar sal moontlik reeds vanaf September

Prof Theuns Dreyer

2011 met verlof wees ten einde sy opgeloopte verlof te neem. Die Kommissie sal waarskynlik prof Dreyer se dienste op deeltydse basis inkoop terwyl die aanstellingsproses verloop. Die poste van die **Administrateur** en die **sekretaris** van die Kantoor van die Kommissie van die AKV raak ook vanjaar vakant weens aftredes, en sal ook tydens die vergadering bespreek word.

- Die Kommissie van die AKV sal by hul vergadering op 10 en 11 Maart die aansoeke van die Afrikaanse Christenkerk van Nieu-Seeland en die Gereformeerde Evangeliese Kerk van Australië om **ekumeniese bande met die Kerk** aan te gaan, oorweeg.

- Die Moderamen voer op 15 April gesprek met die **Deputate van die Gereformeerde Kerke**. Verskeie aangeleenthede wat beide Kerke raak, sal bespreek word.

- Die druk van die **nuwe Kerkorde en die Besluitebundel** van die 69ste AKV sal waarskynlik in die komende week afgehandel word. Volgens beplanning sal lede van die Kommissie van die AKV die boeke aan gemeentes besorg tydens hul besoek aan die ringsvergaderings. Sodra die pakkies vir ringsvergaderings gereed is, sal ringskribas in kennis gestel word. Die pakkies kan dan afgehaal word by die Sinodale Kerkkantoor indien gemeentes dit gouer wil ontvang. So kan ten opsigte van versending bespaar word, en word voorkom dat die boeke wegraak in die pos.

- Die **Sentrum vir Kontekstuele Bediening** van die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Pretoria, in samewerking met die Sentrum vir Bedieningsontwikkeling Excelsus, bied **gedurende April** die volgende **kursusse in Pretoria** aan:

  - **16 April**
    **Misdaad in Suid-Afrika en die rol van die kerk**
    Tweetalige aanbieding
    Kursusleiers dr Johan Burger (Instituut vir Sekerheidstudies), mnr Johan Duvenhage en dr Hannes van der Walt

  - **18-20 April**
    **Radiokommunikasie**
    Kursusleier dr Flip Loots

  - **19-20 April**
    **Bybel en sy boodskap**
    Module 1A (3de herhaling)
    Kursusleiers dr Gys Loubser en dr Gustav Claassen

  - **19-20 April**
    **Bybel en sy boodskap**
    Module 3A (1ste keer)
    Kursusleier (Pauliniese materiaal) prof Francois Malan

  Besoek **www.ccm.up.ac.za** of stuur ’n e-pos na **suki.vanjaarsveld@up.ac.za**.

- Die **Nuwe Hart Stigting** vra vriendelik dat gemeentes op **Sondag 13 Maart** tydens eredienste oor die tema van hoop sal gesels of preek. Vir moraliteitsherstel is hoop die etiese vertrekpunt. Besoek **www.nuwehart.co.za** en lees die Nuwe Hart Publikasie.

- Die **volgende vergaderings** vind tot 11 Maart plaas. Betrokkenes moet hulself asseblief vergewis van die korrekte vergadertye en lokale.

  - Dinsdag 8 Maart: Nagraadse Beurskomitee; Kuratorium
  - Woensdag 9 Maart: Direksie van die Kinderhuise

- Donderdag 10 Maart: Kommissie van die AKV
- Vrydag 11 Maart: Kommissie van die AKV

## KOMMENTAAR

Lesers kan kort kommentaar (uiters 100 woorde) stuur aan **produksie@nhk.co.za**. Langer bydraes sal nie geplaas word nie, en moet eerder na die gespreksforum van die Kerk se webblad by **www.nhk.co.za** gestuur word. Die finale besluit oor plasing in die *e-Hervormer* berus by die redakteur.

"Ek wil net dankie sê vir wat julle doen om te sorg dat ons die *e-Hervormer* so gereeld kry."

**Rina van Wyk, Pretoria**

## ADVERTENSIES

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente uitgebreide inligting oor 'n projek wil bekendstel, kan in die ***e-Hervormer*** geplaas word, teen **R114 per plasing**. Die teks moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na **produksie@nhk.co.za**, of per faks na 086 633 4059 of 012 322 7906. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan: Raad van Finansies; ABSA; tjekrekening nommer 020 000 287; takkode 632 005; **verwysing:** u naam + **e-Hervormer Ads.** Kontak mev Oppermann vir meer inligting.

**SKOPUS BESIGHEIDSKONSULTANTE**
Ons konsulteer met entrepreneurs oor:
- Besigheidsplanne
- Ondernemingstrategieë
- Bemarkingsplanne
- Ondernemingseffektiwiteit
- Korporatiewe beeld

Rig navrae aan **info@skopus.co.za**
of skakel Pieter van Nieuwenhuizen by 079 089 4290

## AGTERBLAD

**Die Proponentseksamen van die 2010 finalejaar teologiestudente vind plaas op 7 Maart, en die kandidate wat die eksamen slaag, sal op Donderdag 10 Maart met die Kommissie van die AKV in gesprek tree met die oog op toelating tot die evangeliebediening. Tydens die legitimasieplegtigheid dié aand word die proponente beroepbaar gestel in die Kerk.**

Die redaksie wou by die kandidate weet hoe hulle die afgelope jaar se afronding ervaar het. Vyf van die studente het hul ervarings gedeel.

**Maritza Botha:** Ek het my prakties by Gemeente Wonderboom gedoen. Ek het dit veral geniet om huisbesoek te doen, veral by bejaardes. Twee van die omgeegroepe wat na aan my hart lê, is die Madeliefies en die Seniorburgertee. Die Madeliefies bestaan hoofsaaklik uit weduwees wat mekaar ondersteun na die afsterwe van hul eggenote. Dis 'n baie spesiale groep vroue. Die gemeente voel soos familie vir my. Ds Peet Esterhuizen het my ondersteun en raad gegee. Ek was ook bevoorreg om in Desember tien dae in Port Shepstone en Port Edward te preek. Baie dankie aan gemeentes Wonderboom en Laer Suidkus – ek voel geseënd om by julle te kon leer.

**Lisa-Mari Swanepoel:** Ek het die voorreg gehad om my praktiese werk by Gemeente Montana en Gemeente Losberg te verrig. Niks kon my voorberei op wat ek beleef het nie. Die gevoel wat heers wanneer 'n gemeente as 'n span saamwerk en mekaar ruimte gun om te ontwikkel, kan ek nie eers begin om te beskryf nie! Die liefde wat onderling in die gemeente geheers het en die keuse van hoe probleme hanteer word, het my opgeval. Die gemeentes het kerkwees só uitgeleef dat hulle altyd van hulself aan hul medegelowiges en aan die omgewing buite gegee het. My belewenis was dat die koninkryk hier en nou geleef word!

**Tiaan Loedolff:** Richard Baxter het beweer dat geestelike groei deur die genade van God dalk soos die groei van blomme, koring en bome is. Jy sien nie hoe hulle groei of beweeg nie, maar as jy na 'n ruk terugkom, kan jy sien dat hulle gegroei of beweeg het. Net so is hierdie afrondingskursus – ek mag dalk nie op hierdie oomblik alles verstaan nie, maar eendag in my bediening gaan hierdie elemente, tegnieke en ervarings ter sprake kom. Niks is ooit toevallig nie. Ek weet groei is 'n proses wat dag na dag plaasvind, en al voel ek soms ek groei nie, weet ek God is in beheer van my lewe, en hierdie afrondingskursus is net nog 'n instrument wat God gebruik om my op koers te hou en voor te berei vir my bediening.

**Yolandé Benadé:** Aan die begin van November 2010 het ek alleen in my kar geklim en die pad Nelspruit toe aangepak… Ek het gekies om my prakties in die Laeveld te doen. Die Laeveld, so rustig, so mooi en so vriendelik! Almal het my vining laat tuisvoel, en ek het die geleentheid gekry om vir ses weke (terwyl die predikante met verlof was) betrokke te raak by die mense. Dis 'n voorreg om deel te wees van die grootste blydskap sowel as hul grootste hartseer. My tyd in die Laeveld was 'n groei-geleentheid en ek wil almal wat dit moontlik gemaak het, van harte bedank. Ek is nou, meer as ooit, oortuig dat ek die evangelie wil verkondig. Nou wag ons om te sien waar God ons wil gebruik…

**Annezel Otto:** Ek was bevoorreg om my praktiese tyd by Gemeente Sionspoort in Randfontein te kon doen. Dit was 'n positiewe ervaring en het my opnuut laat besef hoe lief ek my werk het. Ek het 'n praktiese bydrae probeer lewer op elke gebied van die bediening. Ek het geleer van agendas, finansiële komitees en vele meer. Maar ek het ook geleer van mense wat mekaar bystaan deur moeilike tye, en mense wat hard werk en groot deursettingsvermoë het. Mense met hande en harte wat vir niks verkeerd staan nie. Sionspoort, dit was 'n voorreg om by julle te kon werk en leer. Julle het 'n groot bydrae gemaak tot wie ek vandag is. Julle sal vir ewig 'n baie spesiale plek in my hart hê.

*Ons wens al die kandidate seën en sterkte toe, en sien uit om hulle in nuwe hoedanigheid in die Kerk te verwelkom! (Redaksie)*

Daar is ook 'n drukkersvriendelike weergawe (sonder foto's) van hierdie nuusbrief beskikbaar, wat vandeesweek 446 kilogrepe groot is. Vind die drukkersvriendelike weergawe by **www.hervormer.co.za**, of stuur 'n versoek na **karen@nhk.co.za** om dit weekliks te ontvang.

Redakteur: Dr Gerhard Lindeque
Subredakteur: Dr André Ungerer
Kerknuus: Dr Fanie Pretorius
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx

## FAKULTEIT TEOLOGIE

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA
Denkleiers • Leading Minds • Dikgopolo tša Dihlalefi

## SENTRUM VIR KONTEKSTUELE BEDIENING
## DIREKTEUR
## (KONTRAKAANSTELLING, HERNUBAAR ONDERHEWIG AAN BESKIKBAARHEID VAN FONDSE)

*In die nastrewing van die ideale van uitnemendheid en diversiteit, word aansoeke vir die volgende pos ingewag.*

*Die Universiteit van Pretoria se verbintenis tot kwaliteit maak ons een van die top navorsingsuniversiteite in die land en gee ons 'n mededingende voordeel in internasionale wetenskap- en tegnologie-ontwikkeling.*

Die Sentrum vir Kontekstuele Bediening funksioneer as 'n selfstandige en ten volle erkende sentrum in die Fakulteit Teologie. Die Sentrum lei pastors/leiers van verskillende denominasies op in die verstaan en gebruik van die Bybel en in bedieningsvaardighede. Om hierdie doelwitte te behaal, doen die Sentrum navorsing in en bied kursusse aan in Teologie en kontekstuele bediening wat daarop gemik is om die plaaslike kerk in Suid-Afrika geestelik op te bou. Daar sal van die aangestelde kandidaat verwag word om saam met die huidige Direkteur tot die einde van 2011 te werk, waarna hy/sy volle verantwoordelikheid sal aanvaar.

**PLIGTE:**

Die posbekleër se primêre verantwoordelikhede sluit die volgende in (maar is nie beperk nie tot):

- Doseerverpligtinge op voor- en nagraadse vlak;
- Die nakom van navorsingsverpligtinge en -take soos deur die Fakulteit Teologie neergelê;
- Betrokkenheid by komitees van die Fakulteit Teologie;
- Verantwoordelik vir die bestuur en werksaamhede van die Sentrum.

**MINIMUM VEREISTES:**

- Toepaslike doktorsgraad in Teologie (verkieslik in Praktiese Teologie);
- Bewese passie vir en belangstelling in die voortgesette en lewenslange leer van Christelike leiers;
- Bewese ervaring in ekumeniese verhoudings;
- Bewese ervaring in bestuur, administrasie en fondswerwing;
- Bewese ervaring van die Suid-Afrikaanse konteks;
- Onderrig ervaring in 'n tersiêre omgewing.

Die jaarlikse vergoedingspakket vir hierdie pos sal in ooreenstemming met die suksesvolle kandidaat se kwalifikasie- en ervaringsvlak wees. UP onderskryf die BESTMED Mediese Skema en dra 50% van die toepaslike maandelikse paaiement by.

Aansoekers word versoek om elektronies aansoek te doen met vermelding van die toepaslike verwysingsnommer. (Verwysingsnr: 20292)

Om aansoek te doen vir hierdie pos, heg asseblief aan:

- 'n Omvattende CV;
- Gesertifiseerde afskrifte van kwalifikasies;
- Die name en kontakbesonderhede (e-pos en telefoonbesonderhede) van 3 kontakbare referente;
- Die name en kontakbesonderhede van eweknie beoordelaars (akademie en navorsing);
- Selfevaluering.

**SLUITINGSDATUM: 31 Maart 2011**

Geen aansoek sal oorweeg word as dit na die sluitingsdatum ontvang word nie, of as dit nie ten minste aan die minimum posvereistes voldoen nie.

**NAVRAE:** Prof M Nel - Tel: (012) 420 4951

**AANVANGS VAN DIENS:** 1 Mei 2011 (of so spoedig moontlik daarna)

Indien daar nie teen 31 Mei 2011 met u in verbinding getree is nie, aanvaar asseblief dat u aansoek onsuksesvol was.

*Die Universiteit van Pretoria is verbind tot gelykheid, billike diensbetrekkinge en diversiteit. Ooreenkomstig die Gelyke Indiensnemingsplan van die Universiteit en die doelwitte en teikens wat daarin vervat is, mag voorkeur gegee word aan kandidate uit onderverteenwoordigde aangewese groepe maar word nie tot sulke kandidate beperk nie.*

*Alle kandidate wat aan die aanstellingsvereistes voldoen word uitgenooi om aansoek te doen.*
*Die Universiteit van Pretoria behou die reg voor om nie 'n aanstelling in die pos soos geadverteer te maak nie.*